Mediaverklaring

13 Oktober 2020

Agri SA betreur die dood van ‘n opregte en passievolle landbouleier, Dr Vuyo Mahlati

Agri SA het met groot hartseer verneem van dr Vuyo Mahlati, president van AFASA *(African Farmers Association of South Africa)* se afsterwe. Dr Mahlati was ‘n inspirerende en visioenêre voorvegter vir landbou-ontwikkeling.

As boer in die Oos-Kaap, het sy ‘n diep begrip gehad van die dinamika wat aan die bedryf gestalte gee.

Sy het voortdurend oplossings probeer vind om die struikelblokke wat boere en landelike gemeenskappe ervaar aan te spreek en het gepleit vir erkenning vir die rol wat opkomende boere in die landbouwaardeketting speel.

As kollega in georganiseerde landbou, het sy volhard ten tye van teëspoed en leiding gebied met grasie en empatie.

“Agri SA betuig hiermee sy meegevoel met die Mahlati-gesin en die breër landbougemeenskap. Almal wat saam met haar gewerk het kan getuig van die waarde wat sy vir die bedryf ontsluit het,” aldus Pierre Vercueil, Agri SA President.

“Dr Mahlati was ‘n pionier wat boere se belange sentraal tot landbou-ontwikkeling gestel het,” sê Agri SA se Uitvoerende Direkteur, Christo van der Rheede.

Die landbou het voorwaar een van sy beste leiers verloor – ‘n onvervangbare vrou en mentor.

Navrae:
Pierre Vercueil
Agri SA President
(S) 082 524 8636

Christo van der Rheede
Agri SA Uitvoerende Direkteur
(S) 083 380 3492